- - GRIEKWALAND-WES GRIQUALAND WEST
ONTWIKKELINGSVERENIGING DEVELOPMENT ASSOCIATION

Â® posbus 1480 P O Box 1480
KURUMAN KURUMAN
8460 8460
Tel : 05373 - 21001 Faks/Fax : 05373 â\200\224 22502

COMMISSION ON REGIONS

E - REF: 1/11/20/23

Navrae : Z A Nel

16 Augustus 1993

Die Voorsitter

Veelpartye Onderhandelingsraad
Posbus 307

ISANDO

1800

Geagte Mnr Fourie
VOORGESTELDE VASSTELLING VAN STREEKSGRENSE

Aangeheg hierby vind asseblief â\200\230n eksemplaar van die Griekwaland-Wes Ontwikkelingsvereniging (SOV 18) se besware teen die voorgestelde insluiting van hierdie streek by die Noord-Weste streek.

Soos uit die verslag sal blyk, het die SOV 18 deurgaans die SOAK B ondersteun met sy ondersoeke en pogings om een onverdeelde Noord-Kaap te verkry.

U vriendelike aandag word voorts daarop gevestig dat hierdie dokument ook aan die Administrateur van Kaapland,

Mnr J W H Meiring, oorhandig is tydens Â°â\200\234n vergadering wat in hierdie verband gehou is te Kuruman op Vrydag, 13 Augustus 1993. â\200\230n Afskrif is ook voorsien aan die Voorsitter van die SOAK B. Beide die Administrateur en die SOAK B het onderneem om die aangeleentheid te verwys na die Afbakeningskommissie.

Die versoek van die SOV 18 om deel van die Noord-Kaap te bly, is nie alleen die wens van die inwoners van die streek nie, maar het wetenskaplike navorsingstudies inderdaad @getoon dat die ekonomiese kern van die Noord-Kaap juis in hierdie streek geleÃ©& is.

â\200\230Ons Wereld Ontwaakâ\200\235

N



Daar word vertrou dat hierdie dokument u behulpsaam sal wees tydens onderhandelinge in belang van die mense van SOV 18 en die groter Noord-Kaap wanneer streeksgrense finaal vasgestel word. U vriendelike samewerking word waardeer.

Die uwe

7 VOORSITTER
ZAN/rm

*k Afskrif gestuur aan Minister van Departement Streek- en Grondsake

22\

- GRIEKWALAND-WES
ON"I;VIKKELINGSVERENIGING

Posbus 1480
KURUMAN
8460

Tel : 05373 - 21001

GRIQUALAND WEST
DEVELOPMENT ASSOCIATIO}
P O Box 1480

KURUMAN
8460

Faks/Fax : 05373 - 22502

o I RER KT NDE I, TN G

â\200\230Ons Wereld Ontwaakâ\200\235

- GRIEKWALAND-WES GRIQUALAND WEST
ONTWIKKELINGSVERENIGING DEVELOPMENT ASSOCIATIO!
’ Posbus 1480 P O Box 1480

KURUMAN KURUMAN
8460 8460

Tel : 05373 - 21001 Faks/Fax : 05373 - 22502

Navrae : E A van kooven

13 Augustus 19383

Die Administrateur van Kaapland
Mnr J W H Meiring

Provinsiale Geboue

KAAPSTAD

8000

Geagte Mnr Meiring
VOORGESTELDE INDELING VAN STREEKSGRENSE

Die inwoners van die Griekwaland-Wes Ontwikkelingsvereniging (SOV 18) het met uiterste teleurstelling kennis geneem wvan die voorgestelde indeling van hierdie streek by die Noord-Weste streek.

Die Noord-Weste streek is maar net â\200\230n samevoeging van Wes-Transvaal met Bophuthatswana en het die inwoners wvan SOV 18 hoegenaamd geen belange by hierdie streek nie.

Al sou dit gebeur dat SOV 18 by die Noord-Weste streek ingedeel word, kan ek u die versekering gee dat die belange van die man in die straat, asook die handel nog altyd in die Noord-Kaap sal bly en sal hul slegs hul belasting in die sogenaamde Noord-Weste betaal.

Ek sluit hierby in afskrifte van besware van instansies binne die streek wat alreeds ontvang is.

Ons wens â\200\230n ernstige beroep op u te doen om alles in u vermoÃ© te doen om ons behulpsaam te wees in ons poging om ingelyf te word by die Noord-Kaap streek.

Met hoogagting

i 0

E A VAN ROOYEN

SEKRETARIS
â\200\230Ons Wereld Ontwaakâ\200\231 23|y

EAVR/rm

DOEL:

Om bepaalde aspekte rondomnm die Afbakeningskommissie se aanbeveling oor die grense Vvan ’n Noord-Kaaplandse streek uit te

lig.
AGTERGROND:

pie finale standpunt van SOAK B is in â\200\230n skriftelike dokument asook deur middel van mondelinge getuienis aan die Kommissie vVir Afbakening van Grense oorgedra. Dit is duidelik in die verslag van SOAK B gestel dat die finale standpunt deur lede van SOAK B aanvaar is na oorweging van die resultate van wetenskaplike navorsing asook skakeling met die ses Streekontwikkelingsvererigings in die Noord-Kaap. Aangesien dit wil voorkom asof kern argunente in die verslag van SOAK B nie deur die Kommissie 1in ag geneem is nie word dit hieronder

uiteengesit.

BEREDENERING:

Die volgende argumente ter stawing van die standpunt van SOAK B

word uitgelig:
* In die verslag van die Kommissie word aangedui dat Noord-

Kaapland komparatiewe voordele in Mynbou het terwyl die

mynbougebied naamlik die distrikte Kuruman (mangaan eÃ©en

asbes) en postmasburg (ystererts, kalksteen en diamante) wat

daardie voordele verseker uit die streek weggeneem word.

ontwikkelingstreek B se nominale BGP (1991) beloop R4,4 miljard en diÃ© van streek J R13,9 nmiljard. Die Vryburg gebied dra R328 miljoen by en die Kuruman/Postmasburg gebied cowat R900 miljoen. Die inskakeling van laasgenoende gebied py Streekx J verhoog dje streek se BGP na R14,8 miljard -en verminder Streek B se BGP na R3,5 miljard. Insgelyks beweer die Konmmissie dat die streek komparatiewe voordele in 1andbou het terwyl die uitsluiting van Hartswater die

voordeel wesenlik verminder.

Die uitsluiting van Hartswater uit die streek verminder die

BGP met â\200\230n verdere R208 miljoen.

SOAK B het 1n sy voorlegging aan die Kommissie klem daarop %glÃ© dat die lewensvatbaarheid van die Streek daarin lÃ© dat die mangaanvelde van Kuruman, ystererts reserwes van Ssishen/Kathu en TYyK afsettings van asbes, kalksteen en

diamante vir die streek behoue Dbly.

Die mynbou saam met die sterk landbou basis (twee rivierstelsels en ekstensiewe landbougebied) en toerismepotensiaal verskaf die nodige ekonomiese basis aan

die streek om in al die 1lnwoners se pehoeftes te voorsien.

Die insluiting van groot minerale rykdomme in een streek

soos die voorgestelde Noord-Weste streek word ook deur die

ANC in 'n dokument oor streekregering gekritiseer. In

hierdie verband word gesÃ©:-

"Regions should not be created either to lock poverty through pseudo-ethnicity into certain areas, nor to secrete

wealth through pseudo-racial theories in others".

Volgens inligting is daar geen steun en derhalwe geen legitimiteit .. vir insluiting van Beplanningstreek 18 (Kuruman/Postmasburg) of Hartswater by die Noord-Weste streek vanuit die Noord-Kaap ontvang nie. Die betrokke SOV se lede is vroeÃ©r vanjaar in hierdie verband geraadpleeg en

het eenpariy besluit om deel van die Noord-Kaap te bly.

Al ses SOVâ\200\231s in die bedieningsgebied van SOAK B het verskeie vergaderings gehou om hulle lede te raadpleeg. Slegs SOV 22

(Vryburg) het aangedui dat hulle vanweÃ© verskeie faktore

moontlik genoodsaak sal wees on by Wes Transvaal in te

â\200\235%kÃ©kel. Soos gestel is die besluit om te vra vir 'n Noord-Kaapse streek geneem na aanleiding van steun daarvoor deur die inwoners van die Noord-Kaap. Die eenparige aanbeveling van SOV 18 dra baie gewig onmdat die instansies, soos in

bylae A aangedui, almal lede van die vereniging is.

Die voorgestelde grens tussen Kuruman en Kudumane distrikte het tot stand gekom as gevolg van die aandrang van Bophuthatswana dat al sy gebiede in een streek moet val en 'die feit dat Vryburg die enigste streek is wat hom bereid verklaar het vir inskakeling by die Noord-Weste. In hierdie

verband is deur SOAK B klem daarop gelÃ© dat hierdie grens as

AANB

nie onderhandelbaar beskou word en dat geen verdere

toegewings weswaarts gemaak sal word nie aangesien dit die

lewensvatbaarheid van die streek nadelig sal beinvloed.

Volgens die Nasionale Streekontwikkelingsprogram sal die aandeel van die mynbousektor in die totale internasionale uitvoer van die streek scwat 66 persent in 1995 beloop en het die strecek ’n positiewe handelsbalans slegs vanweeÃ©

uitvoerminerale van Streek 18.

L

Aangesien dit wil voorkom asof die Kommissie vanweÃ© â\200\230n tydsgebrek

nie ten volle vertroud was met die ekonomiese eienskappe van

Streek B nie word aanbeveel dat daar weer oor die grense van die

voorgestelde Noord-Kaap streek besin word en dat:

Die distrikte Kuruman, Postmasburg en Hartswater deel bly

_van Noord-Kaapland omdat dit die wens van die oorgrote

meerderheid van inwoners van gemelde distrikte is.

Die grens van Noord-Weste dienooreenkomstig aangepas word.

Privaatsak
Private Bag X5030

Telefoon
Telephone (0531) 806287

KIMBERLEY
8300

12 Augustus 1993.

Die Minister van Streek- en Grondsake,
Privaatsak X833,

PRETORIA

0001

Geagte Mnr. Fourie,

i.s. AFBAKENINGSKOMMISSIE OOR STREKE IN SUID-AFRIKA.

Namens die Streekontwikkelingsadvieskomitee vir Noordkaapland

betuig ek graag my waardering dat die Kommissie wel ’n

afsonderlike Noordkaapstreek afgebaken het.

Soos blyk uit volledige motivering wat reeds deur ons ingedien en voorgedra is voor die Kommissie 1is die weglating van die distrikte van Kuruman, Postmasburg en Hartswater egter net nie realisties nie, aangesien eersgenocemde twee distrikte die mynbou-kern bevat wat komparatiewe voordele vir Mynbou aan Noordkaapland verleen en die Hartswaterdistrik die kern van die Vaalhartsskema

bevat wat komparatiewe voordele van die landbou versterk.

Oons het met waardering kennis geneem daarvan dat daar ’n

geleentheid geskep word vir verdere ondersoek en ons wil hiermee die hoop uitspreek dat ons

2/EERSTENS...

23|

â\200\230 snde Komnees Â£ zecutve Comvmutiee
WHN _oroasn (Voorsiner - Chsrr _ van Wwvx (Onaer-voormimner/ Vice Chawman). J Burgess. O A :hoen

S var jer Nt 34 De- Smuan P Vemer _A loeuee . JF "Sean R van Rooven

Die Minister van Streek- en Grondsake,

12 Augustus 1993.

EERSTENS die geleentheid gegun sal word om verdere vertoÃ© voor te 1& aan die mede-voorsitters van die Kommissie; en

TWEEDENS dat die twee mede-voorsitters as ons gaste ’n besoek bring aan hierdie twee gedeeltes van Noordkaapland ten einde hulleself te vergewis oor hierdie gebiede se vervlegdheid met die

ekonomie, belange, vervoerlyne en infra-struktuur van die

Noordkaap.

Ons sal ook kommentaar rig aan die Sekretariaat van die NSOAR

aangesien konsensus oor die Noordgrens van Noord-Kaapland reeds

op 30 Junie 1993 bereik is.

Intussen heg ons afskrifte van enkele van die talle besware hierby aan

1. *YSKORMYN, SISHEN-KATHU,

2 KATHU STADSRAAD,

3. KATHU SAKEKAMER,

4. STADSRAAD POSTMASBURG,

s i SOV 18.

Ons verneem graag van u so spoedig moontlik hierin.

Die
::::;;ï¬\201rii ’

W.H.N. JORDAAN

VOORSITTER SOAK "B"

1993=y8-1Y = 12:91

At YSKOR BEPERK

Telefoon (0595) 39-2911 SISHEN-YSTERERTSMYN
Telegramme en Kabelgramme: "Yskor' Faksimiteenr.: (0595) 38-2000 Privaatsak X508

Ons Verw. Mt BOLi3)n9 8448 KATHU
Dr/Mnr/Mev/Mej e B Tel1x.. SUID-AFRIKA

(039%) 392137
hanteer hierdie aangeieentheid

1993-08-10

Die Voorsitge:
SOAKR

Posbus 1480
KURUMAN

5460

STREEKINDELING : KATHU AS DEEL VAN NOORD-WESTE STREEK

Dauar 1s met verbasing Kennjs gencem dat Kathu, Sishenmyn en al sy belange volgens "0 beslulrt van die Afbakenninugzkomitee by die Noord-Weste streek ingedecl is, ten spyte van verskele mondelinge en -kiriflel ke motiveriogs waarvolgens die area ac 'n onvervreembare deel van die Noord-Kaap streek gesien word.

Sishenmyn en die infiastruktuur wat daaromheen gevestig is, sy uitvocibelauge deur Saldanhabaai en die ekcuomi2se impak van hicrdie uitvoerprojek, vorm 'n Jutegrale deel van die Nooryd-Kaap streek,

Dic bestaande ejesourtige kultuurbelange van die grootste gedeelte van die werknemers vau die myn is in die Nuord-Kaap gevestig. So ook is die grootlste bron van arbe:udvoorsiening in diw Noord-Kaap streek gesetel.

Ons kan u veiseker dat inskakeling van die myn by die Noord-Weste streck, die Mynboubelange van die Noord-Faap tul 'n groot male verskraal en die reeds kweshare ekonomie van die streek verder verswak,

Dit sal waardecr word indien u ons standpunt so gou moontlik aan s)le beltaughebbende partye vordra,

Die uwe

-
R id
|

Coâ\200\224
.

MUNISIPALITEIT : MUNICIPALITY,
KATHU B3 KATHU

BY BEANTWOORDING MELD ASB
IN REPLY PLEASE QUOIE: 3%, LEFC
. & TELEFOON - (5895) 32261 /2
ONS VERW NO 14/3/4/2 TrirPHONE
OUR RE+. NO. b FAKS
| HAS (0595) 32021
Rig alle Korrespondensie aan

Dia Stadskierk CRIVAATISAK daT
CEACNTL R TE L NG vt Ay vuvï¬\201l PRIVATE BAC X505
I

Addrass all Correspondence e 1L P ans  FAZT ASK ZOR e

i SLEP=OMInG  FATS AZK <O ":.â\200\230\Â«BI\JS V4

The Town Clerk ; - 1001
i sipvinsi FQ. 80X

CEDATEER/DATED 1993-08-10 vrvomns POM HENNIG : KATHU 8446

Die Direkteur
S.0.A.K. B
Privaatsak X 5030
KIMBERLEY

300

Meneer

AFBAKENING VAN STREEKGRENSE -~ NOORD KAAPLAND

Die Raad van Kathu het met N mate van skok kennisgeneem van die beplande uitsluiting van die distrikte Kuruman, Postmasburg en Hartswater uit die voorgestelde Noord-Kaapland Streek.

Aangesien die grense van die Noord-Kaapland Streek, soos vocrgestel deur S.0.A.K. B, berus op ekonomiese realiteite en baseer 1s op die resultate van n wetenskaplik fundeerde ondersoek, .is dit ondenkbaar dat die Afbakeningskommissie beplan om die distrikte Kuruman, Postmasburg en Hartswater uit te sluit.

Die ekonomiese lewensvatbaarheid van die Noord-Kaapland Streek is vir die Raad en die inwoners van die Kathu Munisipale regsgebied n noodsaaklike prioriteit en die uitsluit van die betrokke distrikte is cnaanvaarbaar en word verwerp.

Dit sal waardeer word indien ten sterkste beswaar aangeteken word teen die voorgestelde uitsluiting van die betrokke distrikte uit die voorgestelde Noord-Kaap Streek. ’

Die uwe

P M HENN’R_;3
WNDE STADSKLERK

R athu

tikaange Sakekaner

Ll (0595) R ALHU 8140 ; POSBUS 1250

10 Augnstas 1993

Dirckteur SOAK B
Privaatsak X503C
KIMBERLEY

8300

Geagte heer
VOORGESTELNE STREEKSINLELING

Die Afrikaanse Sikekomer van Kalb.o het cp â\204¢ verganering op 9 Angnstus 1893 eenparig die voc-gestelde sircsksindeling ipevelge  waiirvan die distrikte Pootmasburg, Kurmman, Glifantshasek, Nibeng en Karthi cader andere ingesiuil werd by aie Neordwesstreel verwerp.

Die huidige praktiese situasie is aenvoncig dal voormelde distrikre hulle necg allyd beskou het as dee’ van aie Niordkanp en geen i:ssosissie vind met streke soos Wes Transvanl en ander streke wal grens tot aAan die PWV gebied,

Die aanvanklike vocrgestelde Noordicapstieak wiarby Postimasburg, Kirumon en Kathu cnder ardere ingesluit wrs, 1s hosfsaaklik cargewese op Mynbon en Luandgeu, Sen die Mangaanvelde van Auruman, Yslerertysreserves van Sishen/Kathu en die ryx alseltings van Ashes, Kalksteen ern Dinminte byvcorbeeld ingesluit word by die Neordweste!ikestreek beleken dit dat die Neordkisapstreek slegs aangevese s op -anasci. Die Nearcdk.vipstreex is bekend vir gy drocgien wat heleker ant hierdie streek by tye van aroogte eenvendig nie lewensvatbaar sul wees,

Die Afrikaanse Sagekamer vur natan ardessteon die AlS we standprint in nierdie verdband dat alle streke lowensvathaar neet wees en dal greepe nie nendwendig gedwing moet wori om by sexere streke in le wkako! ploct cm etnics=e en rassetenried,

Ons inligling i5 dat vyl van die -0e SQV’s in die pedieningsgebied van SOAK B by die Noordraspsireek wil inskaxel.  S$lagz SOV 272 (Vrybrurin) wiss bereid o by Westrunsvanl in te sxokel en kel cne geen prableem drarmec. Dit is vir cÂ¢as omasanvanrdans aal e wense van die aades 5 SGV!. bloot geigncreer is,

Qs\\%

Die Suakekamer is van mening dat ons derpg n ogroct cal kan spee?l
ekcnomiese saaeslelling in die Necodkaapstreek wal vie ong voor
irhou wit nie die geval in die Neordwessireek gunn wees nie

Die irskakeling van voormelde dorpe by die Noord=Westestlreexk i vir die
Afrikaange Sakexamer van RKathu ric enderkandelbanr on =0 geen verdere
toegewing weswiarts gemiak wera as dis huicige veorgestelde grens tussen

Kuruman en Kuduanane distrixte o valtstass ons Ganrby dat die distrikte

Kuruman, Posimusburg en Harlswater deel bly van Ncord-Kaaplana cmdat dit

die wens var die cargroctte meerderasid van inworens viin genmelde

distrikle ls.
Die nwe
J KEME

VOOKSITTER
SAKEKAM=R VAN KATHU

Munisipaliteit ban | â\200\230 - y Municipality of

Hostmasburg Y g | Postmasburg

1893 - 1993

8Y BEANTWOORDING MELD ASSEBUIEF
IN REPLY PLEASE QUOTE: Burgersentrum
Qibic Tentre

S s i
.NO. ..

WANNEER U TELEFONEER VRA ASB. VIR TELEPHONE } (0591) 30343
U VERW. NO. WHEN TELEPHONING PLEASE ASK FOR: FAKS
YOUR REF. NO. . wa D J B Botha FAX } (0591) 71602

POSBUS
5 Augustus 1993 MR . P.Obaox }5

842

Die Voorsitter
SOAK B
Privaatsak X5030
KIMBERLEY

8300

Meneer
VOORGESTELDE STREEKSINDELING

Volgens persberigte waarin die voorgestelde streeksindeling bekend gemaak is, val Postmasburg in die streek genaamd "Noord-Westeâ\200\235. Dit is die gebied wat die Wes-Transvaal en Bophutatswana insluit.

Die Stadsraad van Postmasburg teken heftig beswaar aan teen die insluiting van Postmasburg in die betrokke streek. Postmasburg het bitter weinig, indien enige, 1in gemeen met die gemelde gebied. Die regstelsel sal na alle waarskynlikheid vanuit Klerksdorp funksioneer wat 600 km vanaf Postmasburg geleÃ© Is. waar die Akteskantoor van Kimberley die dorp tans bedien sal dit met die huidige indeling veel verder verskuif wat dit onprakties sal maak. Dieselfde geld vir die Hooggeregshof.

Op die terrein van landbou het Postmasburg niks in gemeen met die res van die voorgestelde streek nie. Dit 1s kontrasterende gebiede wat gesamentlik in een streek ’n negatiewe invloed op die streek se ekonomie kan hÃ©. Wat onderwys betref word ook probleme voorsien met verskillende stelsels in Transvaal en Kaapland.

Daar kan geen gemeenskaplikheid vir Postmasburg met die voorgestelde streek gevind word nie. Postmasburg is histories deel van Kaapland, en

meer spesifiek, die Noord-Kaap. Die kultuur van die mense van Postmasburg is soortgelyk met die van die Noord-Kaap. Postmasburg hoort by die Noord-Kaap en dit 1s waar Sy mense wil wees.

Die Stadsraad van Postmasburg versoek baie dringend dat die voorgestelde streeksindeling nie goedgekeur word alvorens met die mense van Postmasburg gekonsulteer 1is nie. Hierdie versoek word gerig omrede Postmasburg glad nie tevrede is om by die Wes-Transvaal ingeskakel te word nie, maar deel van die Noord-Kaap wil bly.

23|

=)

!it word vertrou dat hierdie versoek van die Stadsraad van Postmasburg
ernstig en gunstig oorweeg sal word.

R

D J B BOTHA
UITVOERERDE HOOF /STADSKLERK

/rdv

- GRIEKWALAND-WES GRIQUALAND WEST
ONTWIKKELINGSVERENIGING DEVELOPMENT ASSOCIATIO}

& Posbus 1480 P O Box 1480
KURUMAN KURUMAN
8460 8460
Tel : 05373 - 21001 Faks/Fax : 05373 - 22502
Navrae : Z A Nel

4 Augustus 19393

Die Voorsitter
SOAK B
Privaatsak X5030
KIMBERLEY

8300

Geagte Meneer

BESWAAR : AFBAKENING VAN GRENSE : INLYWING VAN SOV 18 BY NOORDWES

Daar is deur middel van die SAUK TV nuusprogram van 2 Augustus 1993, sowel as beriggewing in die Beeld van 3 Augustus 1993 kennis geneem van die voorgestelde grense vir die beoogde Streekregering in â\200\230n toekomstige Suid-Afrika. Daar is gevolglik ook kennis geneem van die feit dat die gebied van die huidige Streekontwikkelingsvereniging 18 by die streek bekend as Noordwes (Wes-Transvaal) ingedeel word.

Daar is waardering vir die werk wat gedoen 1is deur die Afbakeningskommissie, inagnemende die getal verslae en onderhoude wat ontvang en gevoer is in hierdie verband.

Die SOV 18 het egter deurgaans die SOAK B-streek gesteun vir die daarstelling van â\200\234n onverdeelde Noordkaap-streek. Voormelde in ag geneem word daar derhalwe ten sterkste beswaar gemaak teen die voorgestelde indeling van die huidige gebied van die SOV 18 by die Noordwes-streek.

Ter motivering van die beswaar word u aandag gevestig op die

onderstaande
i Tydens die konferensie oor regionalisme te Pretoria gedurende 1992 is daar aanvaar dat plaaslike

streeksinspraak oor grensafbakening â\200\230n voorwaarde vir legitimiteit sal wees.

2. Die SOV 18 het die aksie van die SOAK B, naamlik om die ekonomiese en funksionele realiteite van die streek deur middel van wetenskaplike navorsing te ondersoek, deurentyd ten volle gesteun.

â\200\230Ons Wereld Ontwaakâ\200\231 23\

Voortspruitend hieruit het die SOV 18 tydens â\200\230n vergadering gehou op Woensdag, 3 Maart 1993, onder andere eenparig as volg besluit

"a). Dat die SOV 18 die voortbestaan van die Noordkaap in . 8y geheel (tans die gebied van die SOAK B) as gebied vir streekregering vir die Noord-Kaap voorstaan;

Dat die kombinasie van streke slegs oorweeg sal word, indien dit

1) Nie die verdeling van Streek B tot gevolg sal hÃ© nie;

Slegs in â\200\234n suidelike rigting en nie na Wes-Transvaal is nie;

Dat die SOV steeds die optrede van die SOAK B steun ten opsigte van die onttrekking van die SATSWA Forum."

In die verslag spreek die Kommissie die kommer uit dat die Noordkaap-streek ’"relatief swak daaraan toe is wat betref ekonomiese basisseâ\200\235. Dit dien egter daarop gelet te word dat met die insluiting van die gebied van die SOV 18 by Noordwes die totale maangaan-, yster- en asbesvelde, asook kalk- en diamantmyne, wat die kern van die ekonomiese basis van Noordkaap is, weggevat word. Die implikasie hiervan is dat ongeveer 30% (R980-miljoen BGP) uit die Noordkaap geneem word en by Noordwes gevoeg word.

Daar word aanvaar dat die voorgestelde streeksgrense slegs â\200\234n konsepvoorstel is ten einde te dien as vertrekpunt vir verdere onderhandeling. By die onderhandeling en finale afbakening is dit egter van kritiese belang dat die totale ekonomie, demografie asook die insette van die plaaslike inwoners in ag geneem sal word.

Die uwe

s o JLl

VOORSITTER
/rm

GRIEKWALAND-WES

ONTWIKKELINGSVERENIGING

LEDELYS

MYNGROEPE .
Associated Manganese Mines
Gefco

Samancor

Yskor

Union Lime (Anglo Alpha)

De Beers Consolidated Mines Ltd, Finsch Mine

PLAASLIKE OWERHEDE
Kalahari_StreÃ©ksdiensteraad
Diamantveld Streeksdiensteraad
Munisipaliteit DaniÃ©lskuil
Munisipaliteit Kathu
Munisipaliteit Deben
Munisipaliteit Kuruman
Munisipaliteit Olifantshoek
Munisipaliteit Postmasburg

Sandveld Landelike Raad

DIENSORGANISASIES
ACVV - Kuruman
ACVV - Postmasburg

Raad vir Diens van Barmhartigheid

VLV - Kuruman

VLV - Severn
VLV - Postmasburg

VLV - Vanzylsrus

SAKEKAMERS

Afrikaanse Sakekamer - Kuruman
Afrikaanse Sakekamer - Olifantshoek
Afrikaanse Sakekamer Postmasburg

Afrikaanse Sakekamer Kathu

BOERE-UNIES
Ghaap Boere-unie
Kuruman Boere-unie

Olifantshoek Boere-unie

Postmasburg/Langeberg Boere-unie

BOEREVERENIGINGS
Gamodisa

Severn

Lehating
Vanzylsrus
Kuruman
Laer-Langeberg
Spring Valley
Kalahari-Padkloof
Langberg-0Oos
Rooiwal

Winton

Saamwerk

Deben
Aansluit
Mount Leonard
Grens

Kalahari

ANDER LEDE

LeÃ©rgevegskool

TransoranjÃ© Kobperatief

KPA Gemeenskapsdienste Noordkaap
Noordkaap Toerismevereniging

S A Perm

Noordkaap Lewendehawe

232